E-PAD REGULASIES, 2016

Ek, Elizabeth Dipuo Peters, die Minister van Vervoer maak die regulasies in die aangehegte Bylae ingevolge artikel 58(1)(dA) en (dC) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet").



ME DIPUO PETERS, LP

MINISTER VAN VERVOER

Bylae

1. Woordomskrywings

In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf is dieselfde betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"alternatiewe gebruiker" 'n gebruiker wat nie 'n geregistreerde e-tag gebruiker, 'n geregistreerde VLN gebruiker, 'n dagpasgebruiker vir die e-pad wat gebruik word of 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker is nie;

"dagpasgebruiker" 'n gebruiker wat 'n e-pad gebruik met 'n dagpas vir sodanige e-pad, welke dagpas ingevolge regulasie 4 beoog en uitgereik is;

"die Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

“elektroniese boodskap” ‘n boodskap wat gekommunikeer word –

- (a) deur middel van elektroniese data en sluit data aangeheg aan, ingesluit in of logies geassioseer met ander data wat elektronies verkry mag word;
- (b) deur ‘n elektroniese-posboodskap tussen die Agentskap en die geadresseerde in ‘n elektronies formaat; of
- (c) ‘n woordboodskap na ‘n sellulêre telefoonnommer;

“e-pad” ‘n tolpad waar die aanspreeklikheid vir die betaling van tol vir die gebruik van die pad slegs deur elektroniese of elektriese toerusting by ‘n tolplaza aangeteken word;

“e-tag” ‘n elektroniese toestel wat by ‘n spesifieke motorvoertuig aangebring is ingevolge die Spesifikasie-Regulasies om sodanige motorvoertuig te identifiseer wanneer dit onderdeur ‘n tolportaal beweeg;

“e-tag krediet” ‘n bedrag geld wat in die rekords van die Agentskap aangedui word teen die e-tag van ‘n nie-geregistreerde gebruiker, en welke geldelike krediet verminder word deur die bedrag van tol verskuldig ingevolge die e-toltransaksie deur die gebruiker van die motorvoertuig waarby die e-tag aangebring is;

“e-tol kliëntedienssentrum” ‘n sentrum soos bepaal deur die Agentskap in die Voorwaardes vir die Betaling van Tol wat deur die Agentskap ingevolge artikel 27(1)(b) van die Wet gepubliseer is;

“e-tolrekening” ‘n rekening wat by die Agenstkap geopen is deur ‘n persoon wat deur sy of haar beoogde gebruik van ‘n e-pad, verantwoordelikheid om tol vir daardie gebruik kan opdoen, en wat van voorneme is om sodanige aanspreeklikheid deur sodanige rekening te vereffen, en waar sodanige rekening aan die VLN gekoppel is;

“e-toltransaksie” die aantekening van die deurgang van ‘n motorvoertuig onderdeur ‘n tolportaal en die gelyktydige aantekening van die aanspreeklikheid van die gebruiker van daardie motorvoertuig om tol te betaal vir die gebruik van daardie motorvoertuig op die pad waar die tolportaal geleë is;

“gebruiker” ‘n persoon wat ‘n motorvoertuig bestuur of daarvan gebruik maak op ‘n tolpad en “gebruik” of “bestuur” of enige soortgelyke woord het ‘n ooreenstemmende betekenis;

“GDVP tolpaaië” die Gauteng Deurpad Verbeteringsprojek (GDVP) tolpaaië, wat insluit: N1 gedeeltes 20 en 21; N3 gedeelte 12; N4 gedeelte 1; en N12 gedeeltes 18 en 19 (soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 349 tot 354 in Staatskoerant Nr. 30912 van 28 Maart 2008); en R21 gedeeltes 1 en 2 (soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 800 in Staatskoerant Nr. 31273 van 28 Julie 2008);

“geregistreerde e-tag gebruiker” ‘n gebruiker wat vir ‘n spesifieke motorvoertuig by die Agentskap geregistreer is en wat aan al die vereistes van hierdie regulasies voldoen, en waar sodanige gebruiker versoek dat e-toltransaksies met betrekking tot die motorvoertuig aangeteken word deur ‘n e-tag wat aangebring is op die motorvoertuig en waar ten tye van die e-toltransaksie sodanige gebruiker -

- (a) voldoende fondse in sy of haar e-tolrekening het om vir die tol wat op die e-toltransaksie van toepassing is, te betaal;
- (b) sy of haar e-tolrekening gekoppel het aan ‘n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word, of
- (c) ‘n ooreenkoms met die Agentskap het om vir e-toltransaksies te betaal by wyse van ‘n metode wat verskil van (a) of (b) hierbo genoem.

“geregistreerde gebruiker” ‘n gebruiker wat as of ‘n e-tag gebruiker of ‘n VLN gebruiker by die Agentskap ingevolge hierdie regulasies geregistreer het om e-tol te betaal;

“geregistreerde VLN gebruiker” ‘n gebruiker wat vir ‘n spesifieke motorvoertuig by die Agentskap geregistreer is en wat aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen, en waar sodanige gebruiker versoek dat e-toltransaksies met betrekking tot die motorvoertuig aangeteken word deur die VLN van die motorvoertuig te gebruik en waar, ten tye van die e-toltransaksie, sodanige gebruiker -

- (a) voldoende fondse in sy of haar e-tolrekening het om vir die tol wat op die e-toltransaksie van toepassing is, te betaal;
- (b) sy of haar e-tolrekening gekoppel het aan ‘n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word, of
- (c) ‘n ooreenkoms met die Agentskap het om vir e-toltransaksies te betaal by wyse van ‘n metode wat verskil van dié in (a) of (b) genoem;

“inbelsentrum” die e-tolinbelsentrum geskep deur die Agentskap en bereikbaar by 0800 SANRAL (726725);

“klas motorvoertuig” ‘n kategorie van motorvoertuig soos beoog in artikel 27 van die Wet;

“motorvoertuig” ‘n motorvoertuig soos in die Nasionale Padverkeerswet omskryf: Met dien verstande dat vir die doeleindes van die aanbring van ‘n e-tag, ‘n sleepwa nie as ‘n motorvoertuig beskou word nie;

“NaVIS” die Nasionale Verkeersinligtingstelsel soos omskryf in regulasie 1 van die Nasionale Padverkeersregulasies;

“Nasionale Padverkeersregulasies” die Nasionale Padverkeersregulasies, 2000 ingevolge die Nasionale Padverkeerswet gepubliseer;

“Nasionale Padverkeerswet” die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996);

“nie-geregistreeerde e-tag gebruiker” ‘n gebruiker wie se motorvoertuig met ‘n e-tag toegerus is waarteen genoegsame e-tag-krediet in die rekords van die Agentskap, ten tye van die e-toltransaksie, vertoon word, om te betaal vir die tol wat verskuldig is ten opsigte van daardie e-toltransaksie, maar waar die gebruiker nie ingevolge hierdie regulasies by die Agentskap geregistreer is nie;

“Spesifikasie-Regulasies” regulasies wat kragtens artikel 58(1)(dB) van die Wet gemaak is;

“tolportaal” ‘n tolplaza waar die aanspreeklikheid om tol te betaal deur elektriese of elektroniese toerusting aangeteken word;

“VLN” die motorvoertuig lisensienommer wat toegeken is aan ‘n motorvoertuig ingevolge artikel 4(3) van die Nasionale Padverkeerswet of ingevolge die wetgewing van die land waarin die motorvoertuig geregistreer is, en

“webwerf” die e-tol webwerf wat deur die Agentskap geskep is en bereikbaar is by www.sanral.co.za.

2. Registrasiestelsel

- (1) Iemand wat kies om te registreer as –
 - (a) ‘n dagpassegebruiker;
 - (b) ‘n geregistreeerde e-tag gebruiker; of
 - (c) ‘n geregistreeerde VLN gebruiker,

van 'n e-pad kan ingevolge hierdie regulasies registreer.

(2) 'n Gebruiker van 'n motorvoertuig op 'n e-pad wat, ten tye van sy of haar gebruik, nie ingevolge subregulasie (1) geregistreer is nie, moet gekategoriseer word as of-

- (a) 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker; of
 - (b) 'n alternatiewe gebruiker,
- soos die geval mag wees.

(3) Die gebruik van 'n e-pad en die aanspreeklikheid om tol te betaal vir enige e-tol transaksies deur 'n persoon wat as 'n geregistreerde gebruiker of 'n dagpassegebruiker geregistreer is, is onderhewig aan die Wet en hierdie regulasies en enige persoon aldus geregistreer onderneem om aan die Wet en hierdie regulasies te voldoen.

3. Registrasie as 'n e-tag of VLN gebruiker

(1) Iemand wat 'n e-pad gebruik kan by die Agentskap aansoek doen om as 'n e-tag gebruiker of 'n VLN gebruiker vir 'n spesifieke motorvoertuig te registreer en om 'n e-tolrekening oop te maak deur die inligting in subregulasie (2) bedoel te verskaf en deur-

- (a) 'n vorm verkrygbaar van 'n e-tol kliëntedienssentrum of die webwerf, soos in Aanhangsel A tot hierdie regulasies aangetoon, te faks na die faksimileenommer wat op die vorm aangedui is;
- (b) sodanige vorm deur 'n elektroniese posboodskap na die e-posadres wat op die vorm aangedui is, te stuur;
- (c) vir daardie doel op die webwerf aan te meld en die vereiste inligting te verskaf;
- (d) die vereiste inligting by 'n e-tol kliëntedienssentrum te verskaf, of
- (e) die inbelsentrum te skakel,

en in elke geval die inligting en dokumentasie soos in subregulasie (2) bedoel aan die Agentskap te verskaf.

(2) Die volgende inligting, soos van toepassing, moet aan die Agentskap verskaf word saam met die aansoek vir registrasie soos in subregulasie (1) bedoel:

- (a) Die name en van van die aansoeker om registrasie;
- (b) die identiteitsdokument of besigheidsregistrasienommer van die aansoeker om registrasie;

- (c) die VLN, maak, model en kleur van die motorvoertuig, en indien deur die Agentskap verlang, die voertuigregisternommer soos op die motorvoertuig lisensieskyf aangedui is, van die motorvoertuig wat op 'n e-pad gebruik staan te word deur die persoon wat aansoek doen om registrasie, of wat op die e-pad gebruik sal word deur die persoon ten opsigte waarvan daardie motorvoertuig op die e-pad die persoon wat aansoek doen om registrasie aanspreeklikheid vir die betaling van die tol aldus aagegaan, aanvaar;
 - (d) 'n kontak telefoonnommer of elektroniese posadres vir die persoon wat aansoek doen om registrasie of van sy of haar gemagtigde verteenwoordiger;
 - (e) 'n verkose metode van kommunikasie vir kennisgewings;
 - (f) die fisiese adres van die persoon wat aansoek doen om registrasie;
 - (g) die metode van identifisering wat gebruik gaan word om die motorvoertuig te identifiseer wanneer dit onder 'n tolportaal deurbeweeg, hetsy deur 'n e-tag of of 'n VLN, en indien deur middel van 'n e-tag–
 - (i) die e-tag identifiseringsnommer, wat die nommer is wat op die kant van die e-tag vertoon word, te verskaf indien van 'n derdeparty kleinhandelaar bekom is, of
 - (ii) aansoek doen om die uitreiking van 'n e-tag vir die motorvoertuig in paragraaf (c) hierbo beskryf;
 - (h) 'n onderneming van die persoon wat aansoek doen om registrasie om betalings aan die Agentskap te maak van alle tol wat ten opsigte van die gebruik van die motorvoertuig omskryf in die aansoek om registrasie op 'n e-pad betaalbaar is, en
 - (i) 'n voorgestelde metode van betaling vir die vereffening van die e-tolrekening wat geopen gaan word, welke betalingsmetode onderhewig is aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.
- (3) By ontvangs van die aansoek soos bedoel in subregulasie (1) en indien die aansoek ingevolge hierdie regulasie in orde is en die inligting verskaf is, moet die Agentskap –
- (a) die inligting van die persoon wat aansoek doen vir registrasie vasvang;
 - (b) indien die voorgestelde metode van betaling vir die vereffening van die e-tolrekening wat geopen gaan word aan die vereistes van die voorwaardes soos deur

die Agentskap bepaal en bekend gemaak, voldoen, die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aansoek gedoen het, registreer as 'n gebruiker soos bedoel in regulasie 10;

- (c) indien van toepassing, die e-tag identifikasienommer spesifiseer asook die ooreenstemmende VLN van die motorvoertuig waaraan sodanige e-tag geheg gaan word, en
- (d) indien sodanige persoon aansoek gedoen het om 'n e-tag ingevolge subregulasie (2)(g)(ii), 'n e-tag aan sodanige persoon uitreik.

(4) Die Agentskap moet tol van geregistreeerde gebruikers insamel op die wyse bedoel in regulasie 6.

4. Registrasie van 'n dagpassegebruiker

(1) Iemand wat beoog om 'n e-pad te gebruik kan, voordat hy of sy die e-pad gebruik, aansoek doen om as 'n dagpassegebruiker van sodanige e-pad te registreer deur die VLN, maak, model, kleur, jaar en klas van die motorvoertuig wat gebruik gaan word, te verskaf–

- (a) op die webwerf;
- (b) deur 'n e-tolklïentedienssentrum te besoek; of
- (c) deur die inbelsentrum te kontak, en

deur 'n betalingsmetode wat deur die Agentskap aanvaar word, te verskaf.

(2) By ontvangs van die aansoek soos bedoel in subregulasie (1) en indien die aansoek en die inligting verskaf in ooreenstemming met hierdie regulasies is, moet die Agentskap–

- (a) die inligting verkaf deur die persoon wat aansoek doen om registrasie, vasvang; en
- (b) indien-
 - (i) die metode van betaling vir die dagpas voldoen aan sodanige voorwaardes soos wat die Agentskap bepaal en bekend gemaak het, en
 - (ii) onderhewig aan subregulasies (4) en (5),

die persoon registreer wat ingevolge subregulasie (1) aansoek gedoen het as 'n dagpassegebruiker in die register soos bedoel in regulasie 10 en aan sodanige persoon

bevestiging as 'n dagpasgebruiker uitreik wat sodanige persoon toelaat om die e-pad waarvoor die dagpas uitgereik is, te gebruik.

(3) Die Agentskap moet die registrasie van 'n dagpasgebruiker bevestig deur 'n kennisgewing aan die gebruiker ten tye van die registrasie of by die inbelsentrum, of deur 'n kwitansie by die e-tol kliëntedienssentrum waar die aansoek gedoen is, uit te reik.

(4) Die persoon wat aldus as 'n dagpasgebruiker geregistreer is kan, nadat 'n bevestiging vir registrasie as 'n dagpasgebruiker uitgereik is, die e-pad gebruik waarvoor hy, sy of dit as 'n dagpasgebruiker geregistreer is, sonder om enige verdere aanspreeklikheid vir tol ten opsigte van sodanige gebruik op te doen, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) Die tydperk waarvoor die persoon aldus geregistreer die e-pad waarvoor hy, sy of dit as 'n dagpasgebruiker geregistreer is, kan gebruik sonder om enige verdere aanspreeklikheid op te doen sal nie 24 uur vanaf die tyd wanneer die gebruiker die e-pad vir die eerste keer gebruik het oorskrei nie;
- (b) 'n e-pad mag slegs ten opsigte van registrasie as 'n dagpasgebruiker 12 keer gedurende 'n 12 maande periode gebruik word, bereken vanaf die datum en tyd waarop die e-pad as gevolg van die dagpasregistrasie die eerste keer gebruik is; en
- (c) indien dieselfde motorvoertuig met betrekking waartoe 'n dagpas geregistreer is op 'n e-pad gebruik word buite die 24 uur periode soos in paragraaf (a) bedoel of op 'n e-pad anders as die e-pad waarvoor aansoek gedoen is om registrasie as 'n dagpasgebruiker, sal die persoon dan, tensy die persoon wat die motorvoertuig aldus gebruik as 'n geregistreeerde gebruiker of 'n nie-geregistreeerde e-tag gebruiker die pad gebruik, 'n alternatiewe gebruiker wees en aldus vir tol aanspreeklik wees.

(5) 'n Dagpas moet gebruik word vir die e-pad waarvoor die voertuig vir die dagpas geregistreer is binne 30 dae vanaf die datum van aankoop, by gebreke waarvan die dagpas verval.

(6) 'n Dagpasgebruiker word ten tye van die e-toltransaksie geïdentifiseer deur die VLN van die motorvoertuig wat deur die dagpasgebruiker gebruik word, en die motorvoertuig moet die motorvoertuig wees wat in subregulasie (1) gespesifiseer is.

5. Gebruik van 'n e-pad deur geregistreeerde gebruikers, deur nie-geregistreeerde e-tag gebruikers en deur alternatiewe gebruikers

(1) Voordat 'n geregistreeerde e-padgebruiker 'n e-pad gebruik moet die gebruiker op die wyse soos bedoel in die Spesifikasie Regulasies die e-tag soos bedoel in paragrawe (3)(c) of (d) van regulasie 3, vasheg aan die motorvoertuig en die e-tag in 'n werkende toestand onderhou.

(2) (a) Indien 'n motorvoertuig waarvoor 'n e-tag gespesifiseer is onder 'n tolportaal op 'n e-pad deurbeweeg en die toerusting wat gebruik word om die e-tag te identifiseer faal, sal die gebruiker wat as 'n e-tag gebruiker geregistreeer is deur die VLN van die motorvoertuig geidentifiseer word.

(b) In die geval waar die Agentskap opmerk dat die e-tag van 'n e-taggebruiker nie korrek funksioneer nie, moet die Agentskap die gebruiker in kennis stel by wyse van die verkose metode soos bedoel in paragraaf (2)(e) van regulasie 3.

(c) Indien 'n gebruiker, 10 dae nadat hy, sy of dit deur die Agentskap ingevolge subregulasie (2)(b) in kennis gestel is, voortgaan om die e-pad te gebruik sonder om die e-tag wat nie korrek funksioneer nie eers te vervang of terug te gee, sal –

(i) hy, sy of dit aanspreeklikheid vir tol as 'n geregistreeerde VLN gebruiker opdoen, indien hy, sy of dit andersins aan die woordoms krywing van 'n geregistreeerde VLN-gebruiker voldoen,” of

(ii) Indien hy, sy of dit nie aan die vereistes van die woordoms krywing van “geregistreeerde VLN-gebruiker” voldoen nie dan sal hy, sy of dit aanspreeklikheid vir tol as 'n alternatiewe gebruiker opdoen.

(3) 'n Motorvoertuig van 'n geregistreeerde gebruiker wat onder 'n tolportaal deurbeweeg word ten tye van die e-toltransaksie of deur die e-tag of deur die VLN, soos die geval mag wees, geidentifiseer en die aanspreeklikheid vir tol mag verskil na aanleiding van die metode van identifikasie.

(4) Geregistreeerde gebruikers moet 'n e-tolrekening by die Agentskap onderhou en moet binne die toegelate tydperke alle bedrae betaal ten opsigte van daardie rekening, en sodanige betaling is onderhewig aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.

(5) Waar 'n nie-geregistreeerde e-tag gebruiker wat voor hy of sy 'n e-pad gebruik 'n e-tag aan 'n motorvoertuig vasheg op die wyse bedoel in die Spesifikasie Regulasies–

- (a) word hy, sy of dit geïdentifiseer ten tye van die e-toltransaksie deur die VLN en die e-tag wat aldus vasgeheg is;
 - (b) kan die aanspreeklikheid vir tol vir die gebruik van 'n e-pad deur 'n nie-geregistreerde e-tag gebruiker dienooreenkomstig bepaal word; en
 - (c) sal die tol vir die e-toltransaksie wat aldus plaasvind verreken word teen enige e-tol krediet.
- (6) Die deurgang van 'n motorvoertuig onder 'n tolportaal, waar die gebruiker 'n alternatiewe gebruiker is, word geïdentifiseer ten tye van die e-toltransaksie deur die VLN of 'n e-tag en die aanspreeklikheid vir tol sal ooreenkomstig die tol wat op alternatiewe gebruikers van toepassing is, bepaal word.
- (7) 'n Geregistreerde gebruiker moet–
- (a) binne 14 dae nadat sy, haar of dit se fisiese of posadres of enige ander besonderhede wat aan die Agentskap ten tye van die registrasie verskaf is, verander het, die Agentskap van sy, haar of dit se nuwe adres of besonderhede in kennis stel;
 - (b) binne 24 uur nadat hy of sy bewus word van die diefstal van 'n motorvoertuig ten opsigte waarvan registrasie van die gebruik daarvan aansoek gedoen is, die Agentskap in kennis stel;
 - (c) binne 24 uur nadat 'n motorvoertuig, waarvoor 'n e-tolrekening geregistreer is, ongeskik vir gebruik verklaar is, die Agentskap in kennis stel;
 - (d) indien versoek word, inligting verskaf aan enige verkeersbeampte, werknemer van die Agentskap of werknemer van 'n agent deur die Agentskap aangestel om die e-pad te bestuur, van 'n motorvoertuig wat deur hom of haar op 'n e-pad gebruik is of gebruik mag gewees het;
 - (e) seker maak dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy, sy of dit op 'n e-pad gebruik vasgeheg is op die wyse voorgeskryf in regulasie 35 van die Nasionale Padverkeersregulasies en te alle tye duidelik sigbaar is; en
 - (f) nie met 'n nommerplaat peuter of dit dupliseer of 'n motorvoertuig op 'n e-pad gebruik sonder dat die nommerplate behoorlik vasgeheg is aan die motorvoertuig nie.
- (8) 'n E-tag gebruiker –
- (a) mag nie met 'n e-tag peuter of dit dupliseer nie;

- (b) moet die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien die e-tag beskadig, gesteel of vernietig is en in geval van 'n geregistreerde e-tag gebruiker wat verkies om geregistreer te bly–
 - (i) 'n nuwe e-tag identifikasienommer en ooreenstemmende VLN verskaf van die motorvoertuig waarop die e-tag vasgeheg gaan word; of
 - (ii) aansoek doen om 'n nuwe e-tag; en
 - (c) waar hy, sy of dit verkies om die e-tag wat aan hom, haar of dit uitgereik is na 'n ander motorvoertuig oor te dra, die VLN, maak, model en kleur aan die Agentskap te verskaf en te versoek dat die e-tag oorgedra word na die nuwe motorvoertuig toe.
- (9) 'n Alternatiewe gebruiker moet –
- (a) seker maak dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy, sy of dit op 'n e-pad gebruik vasgeheg is op die wyse voorgeskryf in regulasie 35 van die Nasionale Padverkeersregulasies en te alle tye duidelik sigbaar is;
 - (b) nie met 'n nommerplaat peuter of dit dupliseer of 'n motorvoertuig op 'n e-pad gebruik sonder dat die nommerplate behoorlik vasgeheg is aan die motorvoertuig nie, en
 - (c) seker maak dat sy, haar of dit se huidige adres op rekord is by die toepaslike registrasie-owerheid soos vereis deur die Nasionale Padverkeersregulasies en die Agentskap in kennis stel van enige verandering van sodanige adres binne 14 dae vanaf die dag wat sodanige verandering plaasgevind het.
- (10) Waar daar van 'n gebruiker ingevolge enige bepaling van hierdie regulasies vereis word om kennis te gee van enige gebeurlikheid of vir doeleindes van nakoming van enige vereiste van hierdie regulasies, moet sodanige kennisgewing verskaf word deur die inbelsentrum te kontak, of deur die e-tol kliëntedienssentrum te besoek, of op enige ander wyse van kennisgewing wat op die webwerf aangedui word.

6. Bepalings en voorwaardes vir die betaling van tol

- (1) 'n Geregistreerde gebruiker moet tol betaal waarvoor hy, sy of dit aanspreeklik raak as gevolg van sy, haar of dit se gebruik van 'n e-pad, onderhewig aan die voorwaardes en by die plek wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak.
- (2) Tensy betaling ingevolge subregulasie (1) gemaak is, bly die geregistreerde gebruiker aanspreeklik vir die betaling van tol met betrekking tot die gebruik van 'n e-pad.

(3) Waar 'n geregistreerde gebruiker nie die tol wat deur hom, haar of dit betaalbaar is, betaal nie, moet die Agentskap binne 90 dae nadat die gebruiker die betrokke e-pad gebruik het sodanige gebruiker in kennis stel van die bedrag van tol wat betaalbaar is op die wyse bedoel in subregulasie (10) en die tol moet betaal word deur sodanige gebruiker voor of op die datum vir betaling waarvan die gebruiker aldus in kennis gestel is: Met dien verstande dat die gebruiker verantwoordelik is om te verseker dat sy of haar korrekte adres en kontakbesonderhede aan die Agentskap verskaf is en dat die VLN van die gebruiker identifiseerbaar is.

(4) Indien 'n alternatiewe gebruiker 'n e-pad gebruik moet hy, sy of dit die tol van toepassing op sodanige gebruik binne die tydperk en op die plek en onderhewig aan die voorwaardes soos deur die Agentskap bepaal en bekend gemaak, betaal.

(5) Indien 'n alternatiewe gebruiker, wat nie die geregistreerde gebruiker is nie, nie die tol soos bedoel in subregulasie (4) betaal binne die tydperk en op die plek en onderhewig aan die voorwaardes wat die Agentskap mag bepaal en bekend maak nie, moet die Agentskap na 'n tydperk van sewe dae maar nie later as 60 dae nadat die alternatiewe gebruiker die e-pad gebruik het, en tensy die gebruiker intussen geregistreer het, die gebruiker op die wyse bedoel in subregulasie (10) in kennis stel van die bedrag aan tol wat betaalbaar is, en sodanige gebruiker moet die tol betaal voor of op die datum wat in sodanige kennisgewing bepaal is.

(6) Die Agentskap kan 'n kriminele en siviele proses volg om alle uitstaande tol in te vorder indien die gebruiker, ten spyte daarvan dat sodanige kennisgewing uitgereik is, steeds versuim om binne die tydperk aangedui in die kennisgewing van die Agentskap te betaal.

(7) Nieteenstaande subregulasies (5) en (6) in die geval waar 'n motorvoertuig wat op 'n e-Pad gebruik is nie geïdentifiseer kan word as gevolg van die feit dat die motorvoertuig geen nommerplate vertoon nie of die nommerplate wat vertoon word vervals of onleesbaar is, of in die geval van 'n motorvoertuig wat buite die Republiek geregistreer is—

- (a) hoef die Agentskap nie die gebruiker van die motorvoertuig soos deur subregulasie (5) vereis, in kennis te stel nie; en
- (b) kan die Agentskap kriminele en siviele prosesse volg om die betrokke tol in te vorder soos verskuldig mag wees vir die gebruik van die betrokke voertuig op 'n e-pad sonder om sodanige gebruiker in kennis te stel.

(8) Niemand mag—

- (a) met betrekking tot enige aansoek ingevolge hierdie regulasies; of

(b) met betrekking tot die verskaffing van enige inligting wat tot sy of haar wete gebruik word of gebruik mag word vir enige doel ingevolge hierdie regulasies,

‘n verklaring maak of inligting aan die Agentskap of enige ander persoon in hierdie regulasies bedoel verskaf, wat tot sy of haar wete vals of misleidiend is nie.

(9) Enige gebruiker van ‘n e-pad wat deur sodanige gebruik aanspreeklik word om tol te betaal, kan ‘n faktuur vanaf die Agentskap aanvra by enige e-tol kliëntedienssentrum of alternatiewelik ‘n faktuur op die webwerf verkry, en by gebrek aan sodanige navraag is die Agentskap nie onder ‘n verpligting om fakture aan ‘n gebruiker te verskaf nie, behalwe waar daarvoor elders in hierdie regulasies voorsiening gemaak is nie.

(10) Die Agentskap moet die gebruiker in kennis stel van ‘n uitstaande tolbedrag soos beoog in subregulasies (3) en (5) deur –

(a) ‘n faktuur na die laas-bekende adres van die gebruiker te stuur waar sodanige gebruiker ‘n gebruiker met ‘n e-tolrekening is;

(b) ‘n faktuur na die laas-bekende adres van sodanige gebruiker soos op NaVIS aangeteken is, te stuur, waar die gebruiker geïdentifiseer word ingevolge ‘n VLN van ‘n motorvoertuig, soos op NaVIS aangeteken is, of

(c) ‘n elektronies boodskap na die e-posadres of sellulêre telefoon van die gebruiker te stuur.

7. Nominasies

(1) Die eienaar van ‘n motorvoertuig wat op ‘n e-pad gebruik word wat nie die gebruiker van die motorvoertuig wat op ‘n e-pad bedryf is nie, en wat iemand wil nomineer as die gebruiker van sodanige motorvoertuig, met die doel om die persoon wat die motorvoertuig ten tye van die betrokke e-tol transaksie gebruik het, te identifiseer, mag dit doen deur deur die vorm soos in Aanhangsel B tot die Regulasies aangedui is te voltooi, die inligting soos bedoel in subregulasie (2) te verskaf en die vorm per geregistreerde pos aan die Agentskap te pos na die Agentskap se posadres te Privaatsak X64, Centurion, 0046 of by ‘n e-tol kliëntedienssentrum in te handig.

(2) Die eienaar van ‘n motorvoertuig bedoel in subregulasie (1) moet -

(a) die volle name en kontakbesonderhede van die eienaar en die VLN van die betrokke motorvoertuig;

(b) die datum, tyd en pad wanneer en waar die die e-toltransaksie plaasgevind het; en

(c) die volle name, pos- en residensiële adres van die bestuurder of gebruiker, aan die Agentskap verskaf.

(3) Die Agentskap moet—

- (a) indien die inligting op die vorm soos bedoel in subregulasie (1) volledig is en ooreenstem met die Agentskap se rekords met betrekking tot die betrokke e-toltransaksie; en
- (b) indien die Agentskap teverede is dat die eienaar nie die bestuurder of gebruiker van die motorvoertuig was ten tye van die e-toltransaksie nie,

die inligting vasvang op die register soos bedoel in regulasie 10 en die e-toltransaksie waarop die nominasie van toepassing is van die die rekord van sodanige eienaar verwyder en die persoon bedoel in regulasie 6(5) wat deur die eienaar as gebruiker genomineer is, in kennis stel.

8. Vertoë

(1) Die eienaar van 'n motorvoertuig, of 'n gebruiker of bestuurder wat vertoë wil rig ten opsigte van die beweerde gebruik van die betrokke motorvoertuig op 'n e-pad, mag dit doen deur die vorm soos in Aanhangsel C tot hierdie Regulasies aangedui te voltooi en die vorm per geregistreerde pos aan die Agentskap te pos na die Agentskap se posadres te Privaatsak X64, Centurion, 0046 of by 'n e-tolkliëntedienssentrum in te handig.

(2) Die Agentskap moet die vertoë deeglik oorweeg en daarop antwoord en—

- (a) mag onafhanklike ondersoeke doen om die feite te staaf; en
- (b) mag—
 - (i) die vertoë goedkeur indien daar redelike gronde bestaan om die persoon wat die vertoë gerig het nie aanspreeklik te hou vir die tol nie; of
 - (ii) die vertoë afkeur indien daar nie redelike gronde bestaan vir die vertoë nie.

(3) Indien die vertoë goedgkeur word moet die agentskap die inligting vasvang in die register bedoel in regulasie 10 en, waar toepaslik, die e-toltransaksie van toepassing op die vertoë kanselleer en die persoon wat die vertoë gerig het daarvan in kennis stel.

(4) Indien die vertoë afgekeur word, moet die Agentskap die persoon in kennis stel dat die vertoë afgekeur is, die redes verskaf vir sodanige afkeur en die persoon in kennis stel dat hy, sy of dit die persoon is wat aanspreeklik is vir die uitstaande tol.

(5) Indien sodanige persoon versuim om die uitstaande tol waarvoor hy, sy of dit aanspreeklik is te betaal, mag die Agentskap die prosedures soos bedoel in regulasie 6(6) volg.

9. Misdrywe

Iemand wat 'n bepaling van subregulasies (7), (8) of (9) van regulasie 5, of subregulasie (8) van regulasie 6 van hierdie Regulasies, opsetlik of nalatig oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en sal by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens ses maande.

10. Registers en aantekeninge

(1) Die Agentskap of enige ander persoon wat aangestel is ingevolge artikel 28 van die Wet en deur die Agentskap opdrag gegee is, moet 'n register skep en instandhou om alle transaksies van geregistreerde e-tag gebruikers, geregistreerde VLN gebruikers, nie-geregistreerde e-tag gebruikers, dagpasgebruikers en alternatiewe gebruikers, aan te teken.

(2) Finale beskikking oor die aantekeninge in hierdie regulasie beoog, geskied in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet Nr. 43 van 1996).

(3) Die wyse waarop rekords gehou mag word, is as 'n harde kopië, as mikrofilm of in elektroniese formaat.

11. Herroeping

Die e-Pad Regulasies gepubliseer deur Goewermentskennisgewing R. 817 van 23 Oktober 2013 word hiermee herroep.

12. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie regulasies heet die e-Pad Regulasies, 2016 en tree in werking op die datum van publikasie in die *Staatskoerant*.

AANHANGSEL A: VORM VIR DIE REGISTRASIE AS 'n e-TAG of VLN GEBRUIKER

INLIGTING VAN REKENINGHOUER	
Titel: <input type="text"/>	Voornaam: <input type="text"/>
Van: <input type="text"/>	
RSA ID Nr: <input type="text"/>	Paspoort Nr. (Indien nie RSA ID Nr. nie.): <input type="text"/>
ADRES BESONDERHEDE	
Fisiese Adres: <input type="text"/>	Posadres: <input type="text"/>
Kode: <input type="text"/>	Kode: <input type="text"/>
KONTAKBESONDERHEDE	
Merk asseblief die kommunikasiemetode wat u verkies	
E-pos: <input type="text"/>	E-pos: <input type="text"/>
Selfoon: <input type="text"/>	Selfoon: <input type="text"/>
Faks: <input type="text"/>	Faks: <input type="text"/>
Landlyn: <input type="text"/>	Landlyn: <input type="text"/>
VOERTUIGBESONDERHEDE	
1e Voertuiglisensienommer: <input type="text"/>	2e Voertuiglisensienommer: <input type="text"/>
3e Voertuiglisensienommer: <input type="text"/>	3e Voertuiglisensienommer: <input type="text"/>
Neem kennis: Indien u meer as 4 voertuie wil registreer, u dit mag doen deur ons inbelsentrum by 0800 SANRAL (726 725) te skakel, of besoek die e-tol webblad by www.sanral.co.za of besoek een van ons gerieflik geleë e-tol Kliëntediensentrums.	
ALGEMENE KOMMUNIKASIE	
a. Neem asseblief kennis dat die voltooiing en versending van hierdie e-tol Inligtingsvorm aan ons geensins beteken dat u by SANRAL geregistreer het nie. Nadat ons hierdie vorm van u ontvang het, sal ons met u in verbinding tree sodat u die registrasie kan voltooi. b. Neem asseblief kennis dat daar Bepalings en Voorwaardes is vir persone en organisasies wat by SANRAL registreer. Wanneer u by SANRAL registreer, sal daar van u verwag word om hierdie Bepalings en Voorwaardes te aanvaar. Die Bepalings en Voorwaardes is beskikbaar by www.sanral.co.za .	Die Bepalings en Voorwaardes is ook beskikbaar by die e-tol kliëntediensentrums geleë in uitgesoekte winkelsentrums in Gauteng en by e-tol kliëntediensentrums geleë langs Gauteng e-paie. U kan ook die e-tol inbelsentrum by 0800 SANRAL (726 725) skakel om besonderhede te kry van waar die e-tol kliëntediensentrums geleë is. c. Deur die e-tol Inligtingsvorm te onderteken, bevestig u dat die inligting wat u verstrek het, korrek is.
Geteken te _____	Datum: _____
Naam in drukskrif: _____	Handtekeninggg _____
E-pos hierdie Inligtingsvorm aan info@sa-etoll.co.za of faks dit na 0800 SANRAL (726 725) of handig dit in by 'n e-tol Kliëntediensentrum.	
SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK	
Ingesleutel deur: _____	Datum: _____
Nagegaan deur: _____	Datum: _____
Werknemersnommer: _____	Verw.Nr: _____
BESKIKBARE OPSIES VIR U	
REGISTRASIE OPSIES	
Ten einde tol op die Gauteng e-pad te betaal, het u die keuse dat u voertuie reken word met die Voertuiglisensienommer (VLN) of met 'n e-tag gekombineer t die Voertuiglisensienommer.	Met die e-tag kwalifiseer padgebruikers vir afslag op toltariewe. Dit het ook 'n bykomende voordeel dat die risiko verminder dat iemand u Voertuiglisensienommer kan vervals.
Opsie A: Met 'n e-tag 'n e-tag is 'n klein elektroniese toestel wat aan die binnekant van 'n voertuig se voorruit geheg word. Die e-tag is gekoppel aan 'n Voertuiglisensienommer, die tipe voertuig en die e-tol Rekening.	Opsie B: Met 'n Voertuiglisensienommer (VLN) Indien u verkies dat u voertuig aan slegs die Voertuiglisensienommer uitgeken word, word u steeds versoek om 'n e-tol Rekening te registreer.
REKENING BETALINGSOPSIES BESKIKBAAR	
Tydens registrasie sal u gevra word om 'n metode te kies wat u wil gebruik om vir u e-tol te betaal.	Die aanvulling kan op een van twee maniere gedoen word:
Opsie A: Kredietkaartrekening U kies om 'n Voorafbetaalde rekening of 'n Kredietkaartrekening te gebruik. U kan u tol betaal deur die e-tol Rekening met 'n kredietkaart te koppel. Transaksies word op daaglikse basis "opgerol" en een bedrag word van die voorafgeregistreerde kredietkaart verhaal.	(i) Outomaties U kan die e-tol rekening aan 'n kredietkaart of bankrekening koppel. Sodra die minimum bedrag bereik is, sal die e-tol Rekening aangevul word tot by 'n voorafbepaalde balans, vanaf die genomineerde kredietkaart of bankrekening.
Opsie B: Voorafbetaalde Rekening Hierdie e-tol Rekening vereis dat die rekeninghouer 'n minimum (positiewe) balans in die e-tol Rekening hou en wanneer die minimum bedrag bereik word, moet dit aangevul word.	(ii) Per hand Die Gauteng e-padgebruiker kan die e-tol rekening aanvul deur 'n betaling te maak in die rekening by 'n e-tol Kliëntedienspunt of by Checkers, CNA, Pick n Pay, Shoprite of Spar, of deur middel van 'n Elektroniese Fondsoorplasing (EFO), of deur 'n aanlyn betaling te maak by www.sanral.co.za

AANHANGSEL B: NOMINASIE VAN BESTURDER OF PERSOON IN BEHEER

BESKRYWING																																				
<p>'n Nominasie is 'n herleiding van 'n belastingfaktuur na 'n ander gebruiker of bestuurder vir alle of spesifieke toltransaksies op die faktuur. Dit sal gebruik word wanneer 'n bestuurder of 'n ander persoon as die eienaar die voertuig op die e-pad gebruik het en vir die betaling van die tol verantwoordelik is. Die ander bestuurder se besonderhede moet beskikbaar wees om die vorm te voltooi. Die aansoek sal nagegaan word en die aansoeker sal in kennis gestel word van die uitkoms.</p>																																				
INSTRUKSIESVIR DIE VOLTOOING VAN DIE VORM																																				
<p>a. Hierdie vorm moet in swart ink voltooi word en per geregisteerde pos na die volgende adres gestuur word: Privaatsak X164, Centurion, 0046 of dit kan in die persoon ingedien word by enige e-tol-klieëndienssentrum. b. Die voltooiende vorm moet tesame met die oorspronklike VPC e-tolrekening indien van toepassing /belastingfaktuur aangebied word, ingedien en onderteken word voor 'n Kommissaris van Ede. c. 'n Afskrif van die voltooiende en getekende vorm en stawende dokumente moet gehou word vir u eie rekords. d. Ontvangs van die aansoek sal erken word binne 21 dae, by versuim waarvan dit weer ingedien moet word per geregisteerde pos na bogenoemde adres of dit moet ingehandig word by 'n e-tol-klieëndienssentrum. e. Individuele moet nie die eerste twee reëls van Deel B te voltooi nie en moet alle beskikbare kontakbesonderhede verstrek waar nodig in Dele B en D. Alle ander velde is verpligtend, tensy die vorm anders spesifiseer. Organisasies moet volle inligting van die registrasienommer (bv. BK-, maatskappy- of trustregistrasienommer) verskaf, sowel as die besonderhede van 'n verteenwoordiger (Van, Voornam, ID-nommer, Selfoonnummer, e-pos, ens.) wat die vorm namens die organisasie moet teken. Alle ander velde op die vorm is verpligtend, tensy daar enige ander voorwaarde vir 'n spesifieke veld gespesifiseer is. f. As jy nie die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig was nie, voltooi die aansoek vir die nominasie van die korrekte bestuurder of persoon in beheer. g. Kennisgewing van beide suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal via SMS gestuur word, indien die aansoeker 'n selfoonnummer in Deel B verstrek het.</p>																																				
DEEL A - VERKLARING																																				
<p>a. Ek, die besonderhede van wie in Deel B hieronder verstrek word, verklaar hiermee dat ek nie die bestuurder of persoon in beheer van die motorvoertuig was ten tye van die e-toltransaksie(s) nie. Die besonderhede word in Deel C hieronder verskaf. b. Ek nomineer hiermee die bestuurder of gebruiker van die voertuig op die datum, tyd en plek soos in die betrokke faktuur aangedui en die besonderhede ter ondersteuning van hierdie aansoek word in Deel D hieronder verstrek en stawende dokumentasie (bestuurslisensie en/of identiteitsdokument) wat dien as 'n bewys is aangeheg.</p>																																				
DEEL B – VOERTUIGEIENAAR EN MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE																																				
Naam van die organisasie																											Voertuig-lisensie-nommer									
Tipe organisasie		Maatskappy:		BK:		Vennootskap:		Ander:																												
VPC e-tolrekeningnummer indien van toepassing:																																				
E-pos adres:																																				
Van:																											Tel (huis): ()									
Voorname:																											Tel (werk): ()									
Voorletters:																											Geslag: Vroulik Manlik Faks: ()									
Geboortedatum (JJ/MM/DD)																											Sel:									
ID tipe:		RSA		Paspoort		Buitelandse ID		Bestuurslisensie		Naam van werkgever:																										
ID-nommer:																											Adres van werkgever:									
Land van uitreiking:																																				
Straatadres:																											Kode:									
MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE																																				
																											Voertuiglisensie:									
																											Kode:									
Posadres:																											Lisensieskyfnummer:									
																											Operateurkaartnummer:									
																											Voertuigbeskrywing (tipe):									
																											Kode:									
																											Voertuig BVM:	kg		Jaar						
																											Maak:									
																											Reeks (Model):									
																											Kleur:									
DEEL C – BESONDERHEDE VAN TOLGELD(E) OF FAKTUUR																																				
VPC-fakturnummer indien van toepassing:																																				
Toltransaksienommer(s) (vir individuele transaksienommers)																																				
Datum van tol (JJJJ/MM/DD) (vir periode)																																				
Vanaf:																											Tyd:									
																											Tot:									
																											Tyd:									

DEEL D – BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT GENOMINEER WORD																											
Naam van die organisasie																								Voertuig-lisensie-nommer			
Tipe organisasie		Maat-skappy:		BK:		Vennootskap:				Ander:																	
VPC e-tolrekeningnummer: indien van toepassing																											
E-pos adres:																											
Van:												Tel (huis): ())															
Voorname												Tel (werk): ())															
Voorletters												Geslag:				Vroulik				Manlik				Faks:)			
Geboortedatum (JJ/MM/DD)												Sel:															
ID tipe:		RSA		Pasport		Buitelandse ID				Bestuurslisensie				Naam van werkgewer:													
ID-nommer:												Adres van werkgewer:															
Land van uitreiking:																											
Straatadres:																											
Kode:																											
Kode:																											
Posadres:												Kode:															
Kode:																											
DEEL E – BEVESTIGING VAN EED DEUR VOERTUIGEIENAAR																											
<p>* Ek bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring en die nominasie van die persoon , en dat hierdie verklaring die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie.¶</p> <p>b. * Ek ken en verstaan die inhoud van hierdie verklaring en nominasie van die persoon, ek het geen beswaar teen die afê van die voorgeskrewe eed nie en ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.¶</p> <p>c. Ek het 'n kopie van die persoon se bestuurslisensie en/of identiteitsdokument aangeheg.</p> <p>d. Ek verklaar verder dat ek verstaan dat hierdie nominasie verwerp kan word, in welke geval ek aanspreeklik sal wees vir alle tol, soos uiteengesit in die oorspronklike faktuur.</p>																											
<p>* ¶ Wat ook al van toepassing is Handtekening van die Eienaar:</p>																											
Plek:																											
Datum (JJJJ/MM/DD)																											
DEEL F – SERTIFISERING DEUR DIE KOMMISSARIS VAN EDE																											
<p>As 'n Kommissaris van Ede, sertifiseer ek hiermee dat die persoon wat hierdie vorm onderteken:</p> <p>a. * Bevestig plegtig dat die inhoud van hierdie verklaring die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid is nie, of¶</p> <p>b. * Geen beswaar het teen die afê van die voorgeskrewe eed nie en dat hy/sy die voorgeskrewe eed as bindend beskou vir sy/haar gewete.¶</p>																											
<p>* ¶ Wat ook al van toepassing is Handtekening van die Kommissaris van Ede:</p>																											
Plek:																											
Datum (JJJJ/MM/DD)																											
DEEL G - BESONDERHEDE VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE																											
Van:												ID-Nommer:															
Voornam:												Tel (werk): ())															
Hoedanigheid:												Sel:															
Besigheidsadres:												Amp:															
Kode:																											

DEEL H – STEPEL VAN DIE KOMMISSARIS VAN EDE**DEEL I – VOORWAARDES VAN AANVAARDING**

Vir die aanvaarding van 'n aansoek om nominasie moet die volgende inligting verstrek word:

- Volledige Besonderhede van Voertuigeienaar
- Volledige Besonderhede van Genomineerde Bestuurder
- Volledige Besonderhede van Voertuig
- Volledige Sertifisering deur die Kommissaris van Ede
- Geldige Bewys van Identiteit

Versuim om hierdie inligting te verskaf sal lei tot die verwerping van die aansoek. Kennisgewing van suksesvolle en mislukte aansoeke sal gestuur word via 'n SMS, sou die aansoeker wel 'n selfoonnommer in deel B verstrek het.

AANHANGSEL C: VERTOË

BESKRYWING																									
'n Vertoë is 'n navraag of dispuut wat deur die padgebruiker ingedien word by die Agency wat beweer dat h/ sy nie verantwoordelik is vir die spesifieke tol en enige gepaardgaande gelde of 'n gedeelte daarvan soos uiteengesit in die belastingfaktuur wat aan die voertuigeienaar uitgereik is nie. Dit sal gebruik word wanneer die voertuig nie teenwoordig was op die e-pad nie of wanneer die voertuig nie aan die padgebruiker behoort het (verkoop of gesteel) ten tyde van die transaksie(s) nie. Die aansoek sal hersien word en die aansoeker sal in kennis gestel word van die uitslag																									
INSTRUKSIES VIR DIE VOLTOOING VAN DIE VORM																									
r. Die vorm moet in swart ink voltooi word en per geregistreerde pos aan die volgende adres gestuur word: Privaatsak X164, Centurion, 0046, of dit kan ingedien word by enige e-tol-kliëntedienssentrum. b. Die voltooië vorm moet tesame met die oorspronklike VPC e-tolrekening/belastingfaktuur indien van toepassing aangebied word, ingedien en onderteken word voor 'n Kommissaris van Ede. c. 'n Afskrif van die voltooië en getekende vorm en stawende dokumente moet bewaar word vir u eie rekords. d. Ontvangs van die aansoek sal erken word binne 21 dae, en by versuim waarvan dit weer ingedien moet word per geregistreerde pos na bogenoemde adres of dit moet ingehandig word by 'n e-tol-kliëntedienssentrum. e. Individuele hoof nie die eerste twee reëls van Deel B te voltooi nie en moet alle beskikbare kontakbesonderhede verstrek waar nodig in Dele B en D. Alle ander velde is verpligtend, tensy die vorm anders spesifiseer. Organisasies moet volle details van die registrasienommer (bv. BK-, maatskappy- of trustregistrasienommer) verskaf, sowel as die besonderhede van 'n verteenwoordiger (Van, Voorname, ID-nommer, Selfoonnummer, e-pos, ens.) wat die vorm namens die organisasie moet teken. Alle ander velde op die vorm is verpligtend, tensy daar enige ander voorwaarde vir 'n spesifieke veld gespesifiseer is. f. As jy nie die bestuurder of persoon in beheer van die voertuig was nie, voltooi die aansoek vir die nominasie van die korrekte bestuurder of persoon in beheer. g. Kennisgewing van beide suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal via SMS gestuur word, sou die aansoeker wel 'n selfoonnummer in Deel B verstrek het.																									
DEEL A - AANSOEK																									
a. Ek, die besonderhede van wie in Deel B hieronder verstrek word, doen hiermee aansoek vir die inagneming van die vertoë in terme van e-toltransaksies wat op my e-tolrekening gehef is, die besonderhede waarvan kragtens Deel C hieronder verskaf is. b. Die besonderhede ter ondersteuning van hierdie aansoek word in Deel D hieronder verstrek en stawende dokumentasie wat dien as 'n bewys is aangeheg.																									
DEEL B – VOERTUIGEIENAAR EN MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE																									
Naam van die organisasie																		Voertuig-lisensie-nommer							
Tipe organisasie		Maatskappy:		BK:		Vennootskap:				Ander:															
VPC e-tolrekeningnummer indien van toepassing:																									
E-pos adres:																									
Van:																		Tel (huis): ()							
Voorname																		Tel (werk): ()							
Voorletters		Geslag:				Vroulik		Manlik				Faks: ()													
Geboortedatum (JJ/MM/DD)																		Sel:							
ID tipe:		RSA		Pasport		Buitelandse ID				Bestuurslisensie				Naam van werkgewer:											
ID-nommer:																		Adres van werkgewer:							
Land van uitreiking:																		Kode:							
Straatadres:																		Kode:							
																		MOTORVOERTUIGBESONDERHEDE							
																		Voertuiglisensie:							
																		Lisensieskyfnummer:							
Posadres:																		Operateurkaartnummer:							
																		Voertuigbeskrywing (tipe):							
																		Voertuig BVM:		kg		Jaar			
																		Maak:							
																		Reeks (Model):							
																		Kleur:							
DEEL C – BESONDERHEDE VAN TOL OF FAKTUUR																									
VPC-faktuurnommer: indien van toepassing																									
Toltransaksienommer(s) (vir individuele transaksienommers)																									
Datum van tol (JJJJ/MM/DD) (vir periode)																									
Vanaf:		/		/						Tyd:		Tot:		/		/		Tyd:							

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065